

Skriflesing: Jeremia 3:6-13; Klaagliedere 3:18-33

Teks: **Jeremia 3:12b-13a; Klaagliedere 3:24**

Sing: Ps 95:1,4; Ps 97:1,7; Ps. 25:2,3; Ps 116:1,10

Broeder en suster- Ons het vanoggend die Here se Woord by Jeremia oopgemaak. Nie net by wat Jeremia in sy profesie geskryf het nie, maar ook dit wat genoem word die Klaagliedere van Jeremia. In beide die gedeeltes kan ons by voorbaat besef Jeremia staan verslae en klein voor die Here. In Klaagliedere is daar ook 'n groot element van ontnugtering, waar dit nie maar net gaan dat vriend en vyand 'n mens kan ontnugter nie, maar die volk voel ook ontnugter oor die optrede van God. Dit wat die Here ons van sy kant duidelik wil laat raaksien is dat sy kinders in ontnugtering met hulle self besig moet raak.

Waar ons Jeremia 3 begin lees het, het ons daar die aangrypende uitdrukking dat die Here 'n mens kan donker aankyk-Die ballingskap oor 10 stamme is al lank aan die gang. Daar het maar 'n klein deeltjie van die Here se volk oorgebly, tien stamme is klaar weg, die twee stamme Juda en Benjamin is al wat oor is. Al is hulle min het hulle, hul ook in die donkerte van God se oë vasgeloop.

Die Here het hulle donker aangekyk, want hierdie paar mensies het ook hulle eie kwaad begin bedrywe. God wat met hulle 'n besondere pad wou loop. Die Here beskryf dit baie sterk as soos 'n huweliksband wat daar tussen Hom en sy kinders is, maar sy kinders minag hierdie huwelik. Dit wat God se verbond is, daaruit wil hulle losbreek. Dit word beskryf as ontug, of hoerery wat die volk teen die Here bedrywe. Hulle gaan agter ander gode aan, en boonop is hulle met halfhartige godsdiens besig. Vormgodsdiens is net so 'n groot probleem.

Dit is maar 'n buitekant-godsdiens, dié vorm probeer ons reghou, maar die hart, die binnekant het van God wou afskeid neem. Die skeibrief van God se kant is gereed om oorhandig te word, maar tog het die Here nie van sy genade vergeet nie. Jeremia kan nog steeds vir hulle sê – *As julle jul bekeer sal Ek julle nie donker aankyk nie*In hierdie een hoofstuk is daar da nook nie minder nie as 7 keer 'n oproep – *Keer terug*....of anders staan daar*bekeer jou*....(Kyk maar o.a. na vv. 7,12,14,22).

Die gevaar was nooit uitgesluit dat met die klein oorblyfsel, hierdie twee stamme dit met hulle kan gebeur soos die ander tien stamme nie. Met die groot meerderheid het dit gebeur soos met 'n drupel water op 'n warm plaat. Dit skiet eenvoudig in alle rigtings weg! Niemand

sou ooit weer kon aanwys, wat het met die Noord ryk, die meederheid, die tien stamme gebeur nie. Die Here het lank terug sy trou brief aan hulle 'n skeibrief moes maak.

En die suidland, Juda-en Benjamin, dit is net asof hulle nie wil sien wat het in die noorde gebeur nie. Al sou die Here selfs sy genade weer in die noorde plek-plek wou bewys, dat Juda en Benjamin, hulle in die suidland, heilig jaloers moet word. Die Here sê vir Jeremia- *Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug o afvallige Israel, spreek die Here.* En dan is dit so besonders om te besef dit is juis vir 'n paar enkelinge wat in die noorde nie heeltemal as ballinge weggeraak het nie, vir wie die Here sê –*Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die Here.*

Vir mense wat min is, en eenkant gedruk is, so lank in ballingskap, watter troos moes dit wees om te mag weet die Here gaan nou anders na ons kyk. Ons gaan die Here se oë sien, soos wat daar ook staan, *milde hande, vriendelik oë is daar by U van ewigheid* (Ps 25:3 berymd). Ook Psalm 95 berymd –*Laat ons met lof en eerbiedsgroet sy vriendelike aangesig ontmoet wat nuwe vreugde in ons gewek het-* Psalm 97:7 sing van – *God's vriendelike aangesig straal vrolikheid en lig.....*

Elke kind van die Here, mag ons dit spesifiek ook vir ons volksgenote sê wat nog waarlik kinders van die Here is, ons verlang na die vriendelike oë van die Here, dat Hy ons in genade moet aansien, ons nie donker moet aankyk nie. Weet u, geliefdes, dit kan alleen gebeur as ons ophou om God se hande en sy oë nie teen mekaar af te speel! Wat bedoel ek daarmee? Eenvoudig net dit – Mense verwag dat die Here net vir hulle goed moet wees, net dit wat uit sy hande na ons kom is wat werklik vir ons saak maak, en word daar geen ag op God se oë geslaan nie. God se oë kan maar kwaai wees, solank sy hand net goed is, solank daar net genoeg kos en water is, Hy ons mag verlos, baie verlang na selfbeskikking, goeie ekonomiese voorspoed, of wat ook al, dan skeel God se oë hierdie mense min.

Dit wat Jeremia ons by bring, is kyk eerder 'n slag na God se oë as wat ons na sy hande wil kyk. Wat baat welvaart en voorspoed, ook politieke uitkoms vir die Afrikaner, ek kan al die geluk en die rykdom in die wêreld wil ontvang, maar as ek dit moet ontvang, terwyl ek donker aangekyk word, dan moet ek dit eerder nie wil ontvang nie. Is daar werklik by ons 'n gesindheid, dit wat ootmoed ons by moet bring, dat ek sal eerder die swaar dinge in die lewe wil deurgaen, solank God se oë nie langer donker bly oor my nie!

In Jeremia se eie lewe, is dit asof hierdie gesindheid begin deurbreek het. Klaagliedere is waar Jeremia troosteloos, moedeloos en in sy eie ellendes begrawe voel. Dit bring by Jeremia dan ook 'n geweldige geloofstryd. In Klaagliedere 3:18 stel Jeremia dit baie sterk –*My roem het vergaan en my hoop op die Here....* As daar geen roem en hoop meer oor is nie, wat bly werklik oor? Niks! Maar dan begin Jeremia bietjie vir bietjie die dinge raaksien wat hom anders na God laat kyk. Ons kan sê stelselmatig word God se hande en oë bymekaar gebring. En dit omdat Jeremia sy siel begin buig het. Pragtig hierdie uitdrukking in v20 –*om jou siel te buig* – Jou siel begin in daardie rigting te buig, waar jy besef my ellende is groot, maar die oneindige genade en ontferming van God is nog groter.

Ek staar my nie vas teen die Here se hand wat swaar op my kan druk nie, maar ek wil hoër opkyk, dit wat Sy oog my laat sien is dat ek dan nog lewe, ek kon ook doodgemaak gewees het, (v.22)-*dit is goedertierenhede van die Here dat ons nie omgekome het nie, want sy barmhartigheid het geen einde nie; hulle is elke môre nuut; u trou is groot.* Die besef dat God se genade altyd nuut is, en dat God se trou groot is. Net hierdie twee gedagtes, nuwe genade en groot trou, bring 'n hele verandering dat 'n mens verslae staan oor hoe groot is God se trou nie al vir geslagte en geslagte nie, ook óór die Afrikaner volk. God se groot trou laat die son elke dag oor goeies en slegtes opkom, Jesus het gepraat van *God laat reën op regverdiges en onregverdiges* (Matt.5:45) Altyd nuwe genade laat Jeremia besef, daar was nog geen omstandigheid waarbinne God nie vir hom genade gehad het nie.

Die genade, God se barmhartigheid wat elke môre nuut is, en sy trou wat groot is, laat dit byna klink asof dit nie dieselfde mens kan wees wat in v.18 nog gepraat het nie. Vers 18 het hy mos gesê – *My roem en my hoop op die Here het vergaan* – Vers 24 het heeltemal 'n ander klank – *Die Here is my deel, sê my siel, daarom sal Ek op Hom hoop.* Die siel wat kan buig (v.20) is dieselfde siel wat met 'n mens kan begin praat (v.24)-en die taal van die gebuigde siel bring geloofsmoed, geloofsvertroue, geloofsekerheid, en op die einde sal dit kom by ware geloofsmotivering, alleen dit wat met hoop reggekry kan word.

Om die Here jou deel te noem is waarby dit alles lê. Al dink ek aan my ellende en my omswerwinge, dit wat Jeremia in v.19 nog van die Here gevra het, as hy God se aandag spesiaal op homself en sy vyande wil fokus. Sy vyande sien hy rondom hom soos wilde-als, soos gif. Ja daardie stil vyande, dit wat slangkop aan beeste kan doen- ons wat op plase groot

dele van ons lewe was- ons ken slangkop – die ou bolplant wat so stilweg deur droogtes heen sy knol toehou, en skielik as dit begin uitloop hoe kan daardie gifblaar nie ons beeste verniel nie. Jeremia sien sy vyande ook rondom hom soos wilde-als en die gif (v.19), dit wat sy hoop byna vernietig het, maar nou praat hy dieper en groter dinge as bloot net oor ander mense wat jou van jou hoop wil beroof.

Lyding en beproewing bring by Jeremia, en by elke gelowige kind van die Here, dieper geloof, groter insig, wyer bekering as wat daar sou wees as die lyding en beproewinge nie daar was nie. Hierdie nuwe insig bring Jeremia by dinge wat hy dan ook sê, dit is beter of dit is goed-*dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here* – die volgende goed bring nog dieper insig- *dit is goed vir 'n man dat hy die juk in sy jeug dra*. By dit wat Jeremia hier sê wil mens byna nie die goed daarvan insien nie.

'n Mens wil tog maar eintlik hê dat vir jongmense die lente van hulle lewe nie swaarkry moet wees nie. As jongmense en kinders swaarkry en seerkry, ook onder ons volk, dan gryp dit mens net nog altyd dieper aan. Daarom die vraag wat kan nou goed wees aan die lydensjuk van die jeug? Jeremia as hy hier skrywe is hy self sekerlik nie meer so jonk nie, en tog wil hy te kenne gee, dat as hy kon kies dan is dit beter om swaarkry te hanteer terwyl jy jonk is, want wat dit goed maak is dat sulke swaarkry veral drie positiewe waardes het.

Dit oefen jou solank vir jou latere roeping in die lewe, en wie nie lyde ken nie, sal nooit behoorlik gevorm kan word vir wat jou roeping later van jou sal vereis, waar daar baie dinge in die lewe is wat eenvoudig nie maklik is nie. Jy moet gevorm word daarvoor, in jou jeug soveel te beter, maar ook bewaar so 'n juk 'n jongmens van bandeloosheid. Geen mens is daar wat nie van nature boos en tot sonde geneig is nie, en die juk op die jeug is die belemmering om nie vroeg ryp, vroeg vrot te word nie. As die juk op die jong skouers al kan skuur, dan word 'n mens se oë betyds oop geskuur vir dit wat die liste van die duiwel aan 'n mens kan doen. Nog 'n voordeel van die lydensjuk wat goed is as dit al op jong skouers kan druk, is dat 'n mens hierdeur geleer word om diep afhanklik van God te wees.

Diepe afhanklikheid van God kan net goed wees. In ons situasie hier, hoeveel sware dinge gebeur in ons tyd, met ons jongmense in ons land wat polities ondergrawe lê, maar dit laat ons met nog groter afhanklikheid na die Here kyk. Ons kan nie sonder die Here klaarkom nie. En wat sulke swaarkry nog verder goed maak is dat mens daarby gebring word om werklik

die Here persoonlik te ken. Nie maar net te wil weet van die Here nie, maar net dat Hy bestaan nie, maar kén die Here, want eers as jy Hom waarlik ken sal jy op Hom kan vertrou. Dan word mens eintlik net nog dieper ingelei om jou swaarkry te hanteer.

Vers 26 tot 30 gee aan ons die bevel hoe om hierdie swaarkry, hierdie lyding te hanteer. Dra jou lyding in die stilte van God se teenwoordigheid- v.26

Toe Elia op die berg was, ná baie lyding het God juis in stilte na hom gekom. Ons uitkoms kom nog altyd in daardie stiltes waar die Here naby jou is. 'n Tweede bevel is om met volle oorgawe aan God jou lyding te dra. Ons buig nie voor 'n blinde noodlot neer nie, maar met v.29 buig ons, onself in die stof voor die Here neer. Ons erken sy almag, en sy soewereiniteit, m.a.w. dat die Here mag maak wat Hy wil. Selfs sy straf moet in ootmoed aangeneem word. Die derde bevel hoe jy lyding moet dra- is v.30. Gee die wang vir die wat ons slaan. *Laat hy die wang gee vir die wat hom slaan, laat hy genoeg kry van smaad.* Dit is 'n moeilike een, bitter moeilik, maar ons kan aanvaar die Here bedoel definitief nie dat jy jouself maar 'n slaansak moet maak nie. Née, wat die Here sê is dat ons nie moet wil wraak neem nie. Moet nie reg in eie hande neem, en ek as mens dan die straf oor ander wil voltrek nie.

In sulke moeilike en swaar tye, waar dit werklik voel ek as mens moet optree, ek moet my eie reg ten alle koste beskerm, die vraag is dan – Waar is jou hoop op God? *Want die Here sal nie vir ewig verstoot nie!* Kom ons maak alles hieraan vas. Die feit dat elkeen van ons sal kan sê dat daar beslis daardie tye ook in jou lewe was dat jy kan terugkyk en kan sê, hier en hier het die Here my gehelp. Uit dit wat so swaar was, daardie spanning, daardie lyding, ons is 'n volk wat deur depressie-tye gegaan het, nog vóór die dertigerjare se depressie die rebellie 143/14 jaar voor dit- die verskriklike Tweede Vryheidsoorlog, in die algemeen die arm-blanke tyd wat geweldig was, selfs genoem 'n vraagstuk, 'n armblanke- vraagstuk. Ag mens sal die geskiedenis in die geheel kan vat, en elke keer kan jy God se hand nie mislyk oor hoe die Here die spanning en lyding omgedraai het nie. Hy sal dit weer doen, tot op die laaste dag, wanneer dit dan nie meer nodig sal wees nie.

Waar ons vanoggend in ootmoed klein word voor die Here, en ons besef hoe alles in die Here se hande is, en hoe die Here al so dikwels verlossing en uitkoms gebring het, dan steek ons skielik vas by die één keer toe daar vir God se eie Seun nie uitkoms was nie. God het daardie dag, met oë wat donker sou wees, dit rondom sy eie Seun donker laat word, en die Seun kon

nie vir God as Vader aanroep nie. Die Seun het in die donkerte na die donker oë moes terugkyk en vra – *My God, my God, waarom het U my verlaat*. Ons lyding kan nie eers vir ‘n oomblik vergelyk word met die lyding wat Jesus moes deurgaang nie. En Hy het dit deurgegaan, nie ter wille van Homself, of ten bate van Homself nie, maar ter wille van u en my wat hier is.

Dit bring die volle betekenis van Jeremia se woorde in Klaagliedere eintlik net nog beter na vore-as hy sê die Here is my deel, dan kan ons deelhê aan Jesus Christus. Jesus Christus het ons deel voor God gedoen, dit wat ons moes doen, het Hy gedoen, dat ons kan deel in di twat Sy deel voor God die Vader is. Nooit sal ons mag sê, soos wat Jeremia dit eers gedoen het-*my roem het vergaan en my hoop op die Here nie*. Moet dit nooit wil sê nie, want vir ‘n kind van die Here is dit eenvoudig onmoontlik om eers so daaraan te mag dink.

Die Here het reeds vir sy kinders ‘n erfdeel bepaal waar geen misdadiger kan daar in nie, en waarop daar nooit van enige plaasmoord sprake kan wees nie. Die erfdeel wat die Here vir sy kinders gee, is baie groter as hierdie wêreld, waarop ons saamgekom het. Boonop is dit ‘n ewige erfdeel. Daar sal geen einde aan kan wees nie.

Dit waarmee die Heilige Gees ons lewe wil volmaak, is kyk na u lewe, na daardie dinge wat maak dat God u dalk donker kan aankyk. Moet nie daarmee aanhou nie, en moenie verwag dat God se hande vir ons goed moet wees, terwyl Sy oë oor ons donker is nie. Ons bekeer ons dan nie omdat ons vir God se hande bang is nie, maar omdat ons na God se oë moes kyk.

Ek sluit dan hiermee af, in die nag waarin Petrus vir Jesus verraai het, lees ons in Lukas 22:61 – *en die Here het omgedraai en Petrus aangekyk*. Daardie kyk van Jesus het alles in Petrus gebreek, want wat sou nie alles net in daardie oë gesit het nie? Helder, donker, hartseer oë, Petrus het direk in die oë van God gekom, by die bekering wat daar ook by u moet wees. Bekering wat my, my ongeregtigheid laat besef, en wat my bring om vir die Here te vra-in alles wat gebeur - die moorde, die misdaad, die Malema-jeug se ontaarding, die barbaarsheid, die manier om reg in eie hande te wil neem, die versugting na selfbeskikking – in alles kom hierdie dringende vraag - moet ons nie donker aankyk nie. Uself sê aan ons dat U goedertieren is, en dat U die toorn nie vir ewig behou nie.

Wil U ons dit laat sien, en laat ons besef U is ons deel, U is ons lewe, U sal nooit die grond vir ons hoop en uitkoms onder ons wegneem nie. Die Here sê Self dat Hy ten diepste deur sy liefdes beheers word. Hy verstoot 'n mens nie vir altyd nie. Die Here wil aan ons sy vriendelike oë, sy vriendelike aangesig weer laat sien, as ons besef hoe nodig lyding en swaarkry ook mag wees, dit is goed, tog kom dit nie uit die Here se hart nie, maar die Here wil uit hierdie swaar juis weer aan ons sy liefde en ontferming toon.

AMEN